

Skriflesing: Mark 10:32-45

Tema: Gelowiges volg Christus op Sy lydensweg.

Ons dink in lydenstyd aan die lydensweg wat Jesus vir ons gestap het. Die gevaar is dat ons net sal kyk en sal vergeet dat Hy voor ons op hierdie pad gestap het sodat ons Hom moet volg.

Die dissipels het vir drie jaar saam met Jesus deurgebring - drie jaar van indiensopleiding. Jesus kondig in die gelese gedeelte die derde keer Sy dood en opstanding aan. In Jerusalem gaan Hy aan die priesterhoofde en skrifgeleerdes oorgelewer word. Hulle gaan Hom tot die dood veroordeel en aan die heidene uitlewer. Hulle sal Hom spot, spoeg, slaan en doodmaak. Na drie dae gaan Hy uit dood opstaan.

Waarskynlik is die laaste sin al wat Jakobus en Johannes hoor. Hulle wil saam met Jesus heers. Wanneer Hy as koning heers, wil hulle op die ereplekke sit. Toe die tien ander van Jakobus en Johannes se versoek hoor, is hulle verontwaardig, maar nie om die regte redes nie. Hulle wil graag op die ereplekke sit.

Dan vra Jesus vir hulle en ook vir my en jou: Is jy bereid om My op My lydensweg te volg? Is jy bereid om My lydingsbeker van smart en seerkry, woede en verwerping te drink omdat jy 'n kind van die Here is? Is jy bereid om, soos Hy, in lyding gedoop te word? Is jy bereid om die onbekende en onbeminde pad saam met Jesus te loop? Wanneer Jesus sy dissipels roep, nooi Hy hulle nie om saam met Hom op 'n eksotiese reis te vertrek na 'n wonderlike plek waar hul heeldag lank op vyfster wyse bedien word nie. Wanneer Hy ons roep om Sy dissipels te word, dan roep Hy ons om te kom sterf. Ons moet sterf aan onself en ons eie ek. Ons moet ook bereid wees om fisies te sterf vir Hom.

Christenskap en dissipelskap vra nie ietsie van ons nie; dit vra alles van ons.

Met Jakobus en Johannes gebeur later dit waartoe hulle, waarskynlik sonder dat hulle dit verstaan, hier ingestem het.

Jakobus word die eerste dissipel wat 'n marteldood sterf. Ons lees daarvan in Hand 12:2: "Herodus het vir Jakobus, broer van Johannes, met die swaard laat doodmaak."

Johannes word verban na die eiland Patmos omdat hy die woord van God en getuienis van Jesus verkondig het. (Open 1:9)

Jesus besef dat Sy dissipels steeds nie verstaan wat volgeling-van-Hom-wees beteken nie. Hy roep hulle nader en sê vir hulle dat dit by God anders werk as in die wêreld. In die wêreld speel regeerders baas en groot manne misbruik hul mag.

In sy Koninkryk gaan dit oor dienaar wees. Ons lees in Mark 10:42-45:

⁴²Jesus roep hulle toe nader en sê vir hulle: "Julle weet dat dit by die nasies so is dat hulle sogenaamde regeerders oor hulle baasspeel en dat hulle groot manne die mag oor hulle misbruik.

⁴³Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; ⁴⁴en elkeen onder julle wat die eerste wil wees, moet julle almal se dienaar wees.

⁴⁵Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense."

Hierdie dienaar-wees begin by God wat ons, deur Jesus Christus dien!

Jesus het Sy hemelse troon prysgegee en in my en jou plek aan die kruis op Golgota te kom sterf. Dit is vandag al die vierde lydensondag waarop ons kyk na Jesus se lydensweg en Hom ook daarop volg.

Wanneer iemand ter dood veroordeel is in die tyd van Jesus, is so 'n persoon losgeld opgelê. As die losgeld betaal is, kon die persoon bly lewe.

Jesus het Sy lewe gegee as losprys vir baie mense. Daarvan het Hy ons vanoggend by die doop weer verseker. Hy het mense nie kom bevry van Romeinse oorheersing tot ereposisies op aarde nie.

Hy het ons bevry van sondebande wat baie sterker en erger as die slawebande van die Romeine was. Die Romeine se slawebande was ook net tydelik, terwyl die slawebande van die sonde tot die ewige dood sou lei.

Hy het ons losgekoop van wie ons was. Hy stel my instaat om my "eie belangrike sondige ek" te kruisig. Hy maak my vry van my strewe na mag en eer. Hy maak my vry van my verslawing aan myself, my prestasies, my glorie en my behoeftes. Hy maak my nuut om van die troon van die Eie Ek af te klim en al meer soos Hy te dien.

Hoe lyk hierdie diens in my en jou lewe? Jesus het van krip na kruis kom dien. Ek moet, soos Hy, voete was. Dit beteken dat ek sal kuier by mense met wie die kerk niks te doen wil hê nie. Ek sal bid vir siekes, gesels met verlore sondaars en eet saam met hulle wat deur samelewing uitgewerp is.

Dit is baiekeer makliker om daar ver te dien. Diens in die voetspore van Jesus begin in ons huwelik en huis waar dit nie meer oor my belange en behoeftes gaan nie. My eggenoot en kinders se belange en behoeftes is belangriker as my eie.

Om te dien as God se fontein van liefde beteken om weg te leef van ons onself. Ons is nie hier vir onself nie. Ons is hier vir die Here, vir mekaar en vir die wêreld. Ons is Godgemaak anders as wêreld wat om hulself fokus.

Hier is steeds mense vir wie dit om hulself gaan. Elke erediens moet wees soos ek daarvan hou. My manier is die regte manier en my behoeftes moet bevredig word. Gelukkig is hierdie mense in die minderheid.

In Kraggakamma is baie lidmate wat dien. Ons dien mekaar. Ons dien by PE Noord, Kleinskool, die CMR, Louisa Meyburg en MTR Smit om maar 'n paar voorbeelde te noem.

Ek wil nie bors uitstoot en enigsins beweer dat ons al so diensbaar is soos die Here ons wil hê nie.

Ek wil u uitdaag om sy diens te laat uitkring. Ek weet Kraggakamma het reuse potensiaal tot nog groter diensbaarheid.

Hoe meer ons oorgee aan die Here en Sy Gees, hoe meer maak Hy ons diensbaar. Kom ons stap hier uit en ons wag nie vir ander nie. Kom ons gaan dien in die voetspore van die groot Dienskneg. Van Hom lees ons in Mark 10:45: "45Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en Sy lewe te gee as losprys vir baie mense."

Amen